

Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu – Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?

Gevalle studie: Australië en die Australiese Inboorlinge; Nazi-Duitsland en die Holocaust.

Eenheid 8

Gevalle studie: Nazi-Duitsland Deel 4

In hierdie eenheid sal jy oor die volgende leer:

- Stadiums 8-10 van Stanton se 10 Stadiums van Volksmoorde
- The volksmoord op die Jode van Europa (die Holocaust)
- Die verbintenis van dié geskiedenis en demokratiese Suid-Afrika

Stadium 8 – Vervolging:

- **Eiendom gekonfiskeer, Mense is gedeporteer of na ghettos en kampe gestuur – volksmoord begin**
- **Met die inwyding van Pole het die Nazi's die Jode in ghettos geplaas**
- **In elke stad en dorpie, ongeag grootte, is die Joodse inwoners uit hul huise gedwing en in afgebakende area geplaas**
- **Een van die grootse ghettos in Europa was die Warsaw Ghetto, (Warsaw is die hoofstad van Pole)**

Duitsland het Pole op 1 September 1939 binnegeval. Die Joodse inwoners word in ghettos geplaas. In elke stad en dorp is die Jode uit hul huise geforseer en in 'n afgebakende area geplaas. Die Warsaw ghetto was een van die grootstes in Pole, aangesien Warsaw die hoofstad is. Ghettos is gestig in al die lande wat die Nazi's beset het.

Stadium 8, volgens Stanton se 10 stadiums van volksmoord, behels die deportasie van mense en verskuiwing na kampe: die aanvang van 'n volksmoord. Aan die begin van 1940 was die inwoners van die Warsaw ghetto nog redelik gesond. Hulle het warm klere, skoene en kos gehad. Met die verloop van tyd is meer en meer mense in 'n baie klein spasie gehuisves en oorbevolking het 'n probleem geraak. Mense se gesondheid het verswak en siektes soos tifus (luiskoors) het vinnig versprei. Die dodetal het gestyg as gevolg van hongersnood en siekte. Kos was skaars en dit was moeilik om voedsel te bekom. Daar was ook 'n gebrek aan sanitasie en die inwoners se higiëne het daaronder gely. Toestande het versleg en sterfgevälle het gestyg. Duisende mense is dood.

Wat was besig met die Oorlog?

22 Junie 1941

- Onder die kodenam “Operasie Barbarossa” val die Nazi’s die Sowjet-Unie binne met die grootse Duitse militêre operasie van WWII
- Hulle besluit om nie die Jode in hul nuut verowerde gebiede in gheoot’s te plaas nie

Dink aan wat besig was om op die oorlogsfront te gebeur. Op 22 Junie 1941, onder die kodenam “ Operasie Barbarossa”, val die Nazi’s die Sowjet-Unie binne. Die ooste van Pole was deur die Sowjet-Unie se weermag beset. Die beweging van die Nazi’s was die grootste militêre operasie van die Tweede Wereldoorlog.

Die Molotov Von Ribbentrop Nie-Aanvalsverdrag is voorheen deur die Nazi’s onderteken, maar is deur die inwyding van Oos-Pole verbreek. In die gedeelte van Pole het selfs meer Jode gewoon en ‘n besluit is op hierdie stadium deur die Nazi’s geneem om nie meer ghettos in die verowerde gebiede te stig nie. Hulle eskaleer nou tot moord.

Stadium 9 – “Uitwissing”:

Einsatzgruppen – mobiele moordpatrollies

Begin vining en ontaard in die massa-moorde bekend as volksmoord. Die term “uitwissing” verontmenslik die slagoffers en word deur die bedrywers gebruik om die moorde te regverdig.



Die Nazi’s het besluit om al die Jode in Europa te vermoor. Dit begin byna onmiddellik, Die Volksmoord, en sodra dit in aanvang neem, ontwikkel dit baie vining.

Hoekom? Dit is nóg ‘n manier om die slagoffers te verontmenslik. Insekte en ongediertes (rotte, kakkerlakke), word uitgewis, nie mense nie. Mense word vermoor. Hulle het hierdie term gebruik om die moorde te regverdig.

Hoe is hierdie moorde gepleeg? Die moordpatrollies is gevorm (Einsatzgruppen).

Die groepe het bestaan uit Duitse soldate en mans vanuit die verowerde gebiede. Hierdie eenhede het die Joodse mans, vrouens en kinders in al die dorpe en stede aangekeer, hulle na die plaaslike woude vervoer waar huule dan slote moes grawe. Dan moes hulle in rye staan op die rant van die slote. Die soldate het hulle dan geskiet sodat hulle liggame in die slote val.

- In Januarie 1942 is 'n vergadering in Wannsee, Berlyn gehou om die "finale oplossing vir die Joodse vraagstuk" te vind.
- Die byeenkoms, bekend as die Wannsee Konferensie, het nie die besluit geneem om alle Jode te vermoor nie. Die Einsatzgruppen het dit alreeds gedoen.
- Hulle vergader om 'n meer stelselmatige metode te organiseer om Europa van alle Joodse mense te 'bevry'.
- Die besluit om 6 doodskampe in Pole te bou waar alle Jode na vervoer en vermoor te word.

'n Paar maande later besluit die Nazi amptenare dat die moordpatrollies nie 'n doeltreffende manier was om die Jode uit te wis nie.


Dit was traumaties vir die soldate en andere en 'n koeël vir elke slagoffer was as te duur beskou. 'n Meer sistematiese metode moes gevind word om die Jode te vermoor.

Hulle vergader in 'n voorstad van Berlyn, Wannsee, en die bymekaarkoms staan bekend as die Wannsee Konferensie. Die besluit word hier geneem om die Jode op 'n meer sistematiese manier "uit te wis".

Hulle sou hivolgens die Jode na die doodskampe, waar hulle vermoor sou word, vervoer.



Waar was hierdie doodskampe geleë? Alhoewel die "genadedood" hospitale in Duitsland gevestig was, het die Nazi's die doodskampe in Pole gebou. Daar was altesaam 6 doodskampe. Chelmno, Belzec, Sobibor en Treblinka was die vier kampe waar die gevangenes onmiddellik na hul aankoms vermoor is. Kanse om te oorleef in hierdie kampe was byna onmoontlik. Majdanek en Auschwitz was die 2 kampe waar gevangenesse óf reguit na die gaskamers gaan of gekies word vir slawe-arbeid. Hier het hulle 'n beter kans gehad om te oorleef.



Die Nazis het die spoorwegnetwerk bestudeer om uit te werk hoe die slagoffers na die kampe vervoer kon word. Op hierdie kaart kan jy sien dat daar spoorwlyne regoor Europa ingestel en gebou was met die doel om die Jode en ander slagoffers na hul dood te vervoer.



Die Jode is deur die Nazi's mislei. Hulle het die Jode valslik ingelig dat hulle na die ooste geneem sou word vir hervestiging.

Hulle was aangesê, om al hul besittings te pak vir hulle nuwe lewe in die ooste.

Dan was hulle in vee-waens gelaai, somtyds soveel as 'n honderd mense, en na die konsentrasiekampe vervoer. Geen sanitasie is verskaf aan die passasiers nie.

Hulle het sonder water en voedsel gereis, sommige kere vir weke aaneen, opmekaar ingedruk in die waens.

Baie van hulle het geweldig siek geraak en talle het op pad gesterf.



Die Nazis het met die bedrog voortgegaan. Mense was ingelig dat hulle hul besittings sou terugkry sodra hulle gestort het.

Mense was gevra om in een lyn te staan en die meisies in 'n 2de lyn. Baie keer was dit die laaste keer wat 'n vrou haar man of 'n moeder haar seun sou sien.

Mense is dan uitgekies vir slawe-arbeid of tot die dood veroordeel. Almal was geforseer om verby Nazi beamptes te stap wie dan sou besluit wie "nuttig" of "nutteloos" was.

Laasge-noemde sou dan onmiddellik na die gaskamers gestuur word. Dié wat siek was, bejaardes en baie jong kinders is dadelik na hul dood gestuur.



Somtyds was daar so baie mense wat tot die dood veroordeel was dat hulle moes wag om te gaan "stort". Hierdie bedrogspel was voortgevoer totdat hulle die gaskamers binnegegaan het.

Hulle was aangesê om hul klere op 'n genommerde kapstok te hang, sodat hulle dit later kon terugkry. Hulle moes ook seker maak om hul skoene aanmekaar vas te maak sodat dit nie verlore kon raak nie.

Daarna is hulle na die gaskamers begelei. In hierdie massiewe kamers kon hulle waterpype en krane sien, Dit was alles vals, aangesien daar geen water in die pype was nie. Die slagoffers is almal vergas.



Hier is 'n hoop brille wat aan die slagoffers wat gesterf het behoort het. Dit was slegs die brille wat in een kamp, Auschwitz, gevind was.

As aanwysing van die magdom mense wat vermoor is in al die kampe, is dit moeilik om die omvang van die volksmoorde te begryp.



Vir daardie wat gekies was vir slawe-
arbeid, het die verontmenslikingproses
dadelik begin.

Al hulle hare was afgeskeer, in Auschwitz was 'n nommer op hul arms getattoeër. Hulle was hierna nie meer op hul name aangespreek nie, maar op hul nommers (aangewys op hul arm of op hul uniform). Hulle moes baie gou leer om op hul nommer te reageer.

In hierdie foto kan ons sien hoe die vroue na hul aankoms deur die werklike stortbaddens geneem was, hul hare afgeskeer was en klere (wat nie hul eie was nie) moes aantrek. Die klere was na hulle toe gegooi en het nie behoorlik gepas nie.


Oorlewendes van hierdie tydperk het getuig dat hulle langs hul suster of niggie gestaan het en hulle nie herken het nie.

**Pseudo-wetenskaplike
eksperimente
is in Auschwitz
konsentrasie-kamp
op mense uitgevoer.**

Baie afgryslieke eksperimente is op die gevangenesse in Auschwitz konsentrasie-kamp, onder die voorwendsel van "wetenskaplike navorsing", uitgevoer.

Dokters en wetenskaplikes het ontelbare mense tot hul beskikking gehad en hulle het geglo dat hulle met hierdie mense kon doen wat hulle wou.

Wrede en onmenslike eksperimente is op die gevangenes uitgevoer. Blootstelling tot bestraling, eksperimentering met sterilisering, verdowingsmiddels, toetse op tweeling en vele meer.



Na 'n verskriklike aantal jare, toe baie mense deur vergassing vermoor is, en deur slawe-arbeid en as gevolg van uithongering gesterf het, het die bevydingsproses begin.

Dit neem 'n aanvang in 1944 toe Britse, Amerikaanse en Sowjet soldate opgetrek het na Duitsland. Duitsland het onvoorwaardelik oorgegee op 8 Mei 1945.

Op die bygaande foto kan van die oorlewendes beskou word. Dit was die toestand waaronder hulle moes leef en hier kan gesien word hoe uitgeteer hulle was.

Die Universele Verklaring van Menseregte is in 1948 by die Verenigde Nasies onderteken.

8 lande weier om te teken:

- **Pole**
- **Tsjeggo-Slowakye**
- **Die Sowjet-Unie**
- **Wit Rusland**
- **Die Oekraïne**
- **Joego-Slawië**
- **Saoedi – Arabië**
- **Suid-Afrika**

Wat gebeur na die einde van die oorlog? In 1948 trek die internasionale gemeenskap die Universele Verklaring van Menseregte op. Hulle het gesien wat gebeur het en het begrip dat mense reëls benodig om voor te skryf hoe hulle moes optree.

Dit was gedoen om rampe soos die Holocaust en Porajmos te vermy en te verhoed. Agt lande het egter nie die verklaring onderteken nie: Pole, Tsjeggo-Slowakye, die Sowjet-Unie, Wit Rusland, die Oekraïne, Joego-Slawië, Saoedi – Arabië, Suid-Afrika.

Hoekom het Suid-Afrika nie hierdie verklaring van menseregte onderteken nie?

Hulle het tog die Nazi's geveg in die Tweede Wereldoorlog. In 1948 is Apartheid in Suid-Afrika gewettig en die regering het die menseregte van 90% van die land se bevolking geskend. In 1994 is die bevolking van apartheid bevry, ons grondwet is demokraties en is gebaseer op die Universele Verklaring van Menseregte. Hier kan ons duidelik sien hoe sterk die verbintenis is tussen die geskiedenis van Nazi-Duitsland en Apartheid Suid-Afrika.

Stadium 10: Ontkenning

Bewyse weg te streek om massa-grafte te grawe, verbranding van slagoffers se liggame, intimidasie van getuies, ens.

Die finale fase van volksmoord, volgens Stanton, is ontkenning. Dit verwys na die wegsteek van bewyse, leuens te vertel by verhore en weiering om skuld te erken. Die ander tipe ontkenning is waar mense weier om te glo dat die Holocaust wel plaasgevind en hoe meer tyd na die volksmoord verloop, hoe makliker raak dit om die werklikheid te ontken. Hier moet ons verskriklik versigtig wees. Geskiedenis kan nie hersien en oorgeskryf word om in te pas met wat jy glo nie. Feite is ontwisbaar en dit is die geval met die volksmoorde deur die Nazis gepleeg.

VRAE

1. Wat is die name van die 6 doodskampe en waar was dit geleë?
2. In jou eie woorde beskryf hoe die Einsatzgruppen te werke gegaan het om die Joodse gemeenskappe en ander slagoffers te vermoor. Wend die inhoud wat gedek is in al die voorafgaande eenhede aan.
3. Verskaf die redes waarom regerings in lande waar volksmoorde gepleeg is, die woord "uitwissing" in plaas van "moord" gebruik.
4. Wat het plaasgevind by die Wannsee Konferensie?
5. Beskryf, in jou eie woorde, die proses gevolg met die aankoms van gevangenes by Majdanek of Auschwitz.
6. Wanneer is die gevangenes in die konsentrasie-kampe vrygestel?
7. Verduidelik Suid-Afrika se konneksie met hierdie geskiedenis, in jou eie woorde, en gebruik ook die informasie verskaf in al die eenhede en jou eie kennis.
8. **"Ons leer van die Holocaust sodat ons meer menslik kan wees. Ons leer van dit sodat ons meer saggeard, meer sorgwekkend, meer ontfermend sal word, waar ons elke persoon as van oneindige, onbeskryflike waarde sal beskou, sodat ons weet dat sulke gruweldade nooit weer sal plaasvind nie, en die wêreld 'n meer mensliewende plek sal wees."** - Aartsbiskop Desmond Tutu (1999)

Reflekteer op die aanhaling van Aartsbiskop Tutu, die inhoud van al die eenhede en jou eie kennis. Stem jy saam met die stelling van die Aartsbiskop of nie? Verskaf redes vir jou antwoord.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: <http://ctholocaust.co.za/>

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
<https://www.youtube.com/channel/UCwVBU5VqvsumuwDdzYIAaQ/>

The Development of the Final Solution: <https://www.youtube.com/watch?v=GPXPjZurupc>

Wannsee Conference: Screenplay for the Holocaust: <https://www.dw.com/en/wannsee-conference-screenplay-for-the-holocaust/a-37197330>

Holocaust by Bullets: <https://www.yahadinunum.org/what-is-the-holocaust-by-bullets/>

The Death Camps: <https://www.yadvashem.org/holocaust/about/final-solution/death-camps.html>